13528
HATFIELD, 0028, SA

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

diensgetuienis@ngkerk.org.za

KMDR

Kerklike Maatskaplike Diensteraad

Geregistreer as organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-694

Nuusbrief

Jaargang 7 Nommer 3 **November 2012**

'n Nuwe Werklikheid

Aan die einde van nog 'n jaar word 'n mens net weer bewus van die uitdagings van maatskaplike dienslewering in Suid-Afrika. Maar gelukkig kom ons ook hierdie tyd van die jaar onder die indruk van Kersfees. Met Christus se koms het Hy mos 'n nuwe werklikheid kom skep. Een van vrede en reg en geregtigheid en waar daar liefde is.

Dit is hierdie nuwe werklikheid wat ons laat aanhou en uithou. Mag elkeen wat hier lees, in die Kerstyd wat voorlê 'n egte belewenis van die nuwe werklikheid van Christus se koms en koningskap beleef, sodat ons volgende jaar ook weer kan aanhou en uithou.

In hierdie uitgawe:

1. B-BBEE
2. Comments on new codes & guidelines for B-BBEE
3. Twee beginsels maak ons anders
4. NUUSBROKKIES

4.1 Inligtingstelsel & hofsaak oor die finansierings-beleid
4.2 Global Fund
4.3 NPO Beraad
4.4 Norms & Standards
4.4 Finansies

B-BBEE

Die nuwe kodes vir B-BBEE (Swart Ekonomiese Bemagtiging) het die hele maatskaplike diensleweringswêreld die afgelope tyd op loop gehad. Hieronder is 'n uittreksel uit die KMDR se eie voorlegging aan die Minister van Handel en Nywerheid. Neem gerus kennis van die omvang van die werk wat die lidorganisasies van die KMDR doen.

Nadat baie geskryf en gepraat is en die media sy deel gedoen het, het die Minister van Handel en Nywerheid die betrokke voorstelle wat op die welsynsorganisasies impakteer, teruggetrek. So behoort demokrasie mos te werk. Die kommentaar wat KMDR en baie ander netwerke en organisasies gelewer het, is in berekening gebring en die betrokke voorstelle is teruggetrek. Ons vertrou hierdie soort proses sal ook in ander staatsdepartemente meer geredelik plaasvind.

COMMENTS ON NEW CODES & GUIDELINES FOR B-BBEE

The Council for Church Social Services (CCSS) is a National Network of Faith Based Organizations that render social services in all fields of social development. The member organizations of CCSS render services to all people in need, regardless religion, age, gender or race. The service delivery programmes of member organizations last year rendered services to approximately 1,367 000 people of all ages in need of care with an annual turnover of R797 million. The Dept of Social Development only subsidises 36% of this amount. The balance comes from donations, churches, fundraising in the business sector, etc. It is therefore obvious that these services depend heavily on companies' B-BBEE donations.

From a Christian perspective this Organisation agrees to the principle of B-BBEE in an attempt to put all South Africans on an equal level in the economic sector. It however becomes a problem when the same "fair discrimination" is used within the social welfare sector. CCSS adheres to the principle that, "poverty has no colour".

In light of the above CCSS submits the following comments on the new codes & guidelines published in September 2012.

1. Income generating activities

3.2.1 Socio-Economic Development Contributions consist of monetary or non-monetary contributions actually initiated and implemented in favour of beneficiaries by a Measured Entity ***with the specific objective of facilitating income generating activities*** *for targeted beneficiaries.*

Many of our service delivery organisations do not run "income generating activities". For example we refer to residential facilities for the aged, children's homes, many of our HIV/ AIDS programmes, etc. Many of these programmes have other focus areas, like residential care, early childhood development, home based care, etc.

Registered Non-Profit Organizations (NPO's) are also very careful not to compromise their SARS registrations with regards to "non-profit" activities, income tax exemption, etc. On the other hand all these organisations need companies' B-BBEE donations to survive. The proposed changes with reference to the "income generating activities" will therefore have a negative impact on our sector as the corporate sector will withdraw from supporting our services.

2. Beneficiaries of NPOs

3.2.2 The full value of Socio-Economic Development Contributions made to beneficiaries is recognisable ***if at least 100% of the value directly benefits black people.***

Previously the Codes refer to 75% Black beneficiaries. All the member organisations and most, if not all, of their programmes have more than 75% Black beneficiaries. If the above clause 3.2.2 has the implication that all beneficiaries should be Black before a Company can earn B-BBEE points for a donation, it is against the guidelines of the Dept of Social Development. In line with these guidelines an NPO's beneficiaries must reflect the composition of the local community, which always includes all races, in order to qualify for subsidies.

On the other hand, if it means a specific donation should only go to Black beneficiaries, it becomes impossible for programmes like children's homes or facilities for the aged to manage such a request. Even if such a residential facility only has 10% beneficiaries from other races, it will not be possible to establish whether a specific donation only benefitted the Black residents.

We sincerely trust that these comments will receive your careful consideration in finalising the new Codes & Guidelines for B-BBEE.

Twee beginsels maak ons anders ...

Die twee sake waarop die KMDR in sy voorlegging oor die nuwe kodes vir B-BBEE gefokus het, is inderdaad twee van die beginsels van kerklike maatskaplike werk wat ons anders maak as die meeste ander maatskaplike dienste. Dit maak kerklike maatskaplike dienste selfs anders as baie ander FBOs (Faith Based Organisations).

Die Kerk van Christus, en daarom ook haar maatskaplike diensarms, mag nooit kleur (ras) raaksien as dit oor die nood van mense gaan nie. "Armoede het nie kleur nie". Een van ons voorsitters sê altyd, ons maatskaplike dienslewering word in die eerste plek nie bepaal deur die persoon **voor** ons nie eerder deur die Persoon **in** ons. Natuurlik is die persoon **voor** my, met sy nood en behoeftes, so belangrik dat die Persoon **in** my bereid was om Sy lewe te gee. Daarom staan die mens voor ons en sy behoeftes sentraal in kerklike maatskaplike dienslewering.

Vir die Kerk is die ontwikkeling van mense altyd baie belangrik. Daarom verstaan ons die groot klem op ontwikkelingswerk as 'n beginsel wat in lyn met die Bybelse riglyne is.

Mense, ook hulle met maatskaplike probleme, moet mos tot hul volle potensiaal ontwikkel. Die gelykenis van die "talente" het hiermee te make.

Ontwikkeling van gemeenskappe en individue is inderdaad in die fokus van kerklike maatskaplike werk. MAAR daar is 'n ander element van dienslewering waarvoor baie ander maatskaplike dienste nie 'n oog het nie. Die Dept van Handel en Nywerheid het ook nie 'n oog daarvoor nie, en dit is te verstane. Vir hulle gaan dit om handeldryf en die ontwikkeling van die ekonomie.

In kerklike maatskaplike dienste is die element van versorging ("caring") egter netso belangrik. Dikwels het mense klaar hul volle potensiaal bereik en moet hulle verder bloot versorg word. "Bystaan", "hand-vashou" en selfs sterwensbegeleiding, is deel van kerklike maatskaplike werk. (Dink maar aan mense met ernstige gestremdhede of verswakte bejaardes.)

Kerklike maatskaplike dienslewering is inderdaad 'n bietjie anders.

NUUSBROKKIES

Inligtingstel & Hofsaak oor die Finansieringsbeleid

In die Vrystaat word hard gewerk aan die Nasionale Inligtingstelsel. Dit word reeds plek-plek geïmplementeer en die laaste haakplekke word tans uitsorteer. Ds Willem Botha was ongelukkig so besig met die onderhandelings in terme van die Hofsaak, dat hy nou eers weer voluit aan die inligtingstelsel kan aandag gee. Ons besef die lidorganisasies raak al ongeduldig, maar ons is amper daar.

Intussen is daar hard onderhandel om 'n skikking oor die finansieringsbeleid in die Vrystaat te kry. Ons is oortuig dag hierdie skikking 'n impak op nasionale vlak sal hê. Daarom is die verwikkelinge in die Vrystaat vir almal belangrik. Volgens ds Botha is 'n skiking in sig, wat regtig voordelig vir die Welsynsorganisasies sal wees. Ons hou duim vas.

Dit lyk of albei hierdie sake vroeg in die nuwe jaar finaliteit sal bereik. Waarmee gaan die Vrystaters hulle dan besig hou?

The Global Fund

To Fight AIDS, Tuberculosis and Malaria

Nadat die struikelblokke in die eerste helfte van die jaar uitsorteer is, loop die Global Fund projek tans op gladde wiele. Die vloei van fondse vanaf die donateur tot op grondvlak raak al makliker. Dit word voorsien dat ons vroeg in die nuwe jaar weer ‘n persoon in die kantoor sal hê wat die kontak en rapportering van en na die Provinsies sal behartig.

Omdat die befondsing in die eerste helfte van die jaar vir ‘n tyd opgeskort is, is onderhandel dat die huidige ooreenkoms vanaf September tot Maart 2013 verleng sal word. Dit lyk baie goed dat ons dieselfde befondsing kan kry tot einde September 2013. Efraim Oppelt en sy span het reeds positief begin onderhandel vir ‘n nuwe kontrak vanaf September 2013 tot September 2015.

NPO Beraad

Die Nasionale NPO beraad is in Augustus 2012 gehou, nadat al die Provinsies eers ‘n soortgelyke beraad gehad het. Verskeie persone van ons lidorganisasies was vanuit hulle provinsies op die Nasionale beraad.

Die oorkoepelende tema was maar weereens die verhouding tussen die staat en NPO’s.

Die temas van die verskillende sessies was:

1. Wetgewende Raamwerk
2. Transformasie
3. Bronontwikkeling & Befondsing
4. Die 10-punt plan, en
5. Kapasiteitsbou.

Die afgevaardigdes was baie postief oor die gees van samewerking tussen die NPO-sektor en die staat. Ons hoop hierdie positiwiteit word vorentoe weerspieël in die ooreenkomste van die hofsaak, finansieringsbeleid en die hantering van die norme en standaarde.

Norms & Standards

Die Nasionale Dept van Maatskaplike Ontwikkeling is in die proses om gestandaardiseerde norme en standaarde te implementeer. Baie lidorganisasies het alreeds vraelyste in die verband ingevul.

Finansies

Ons herinner net hiermee weer aan die ledegelde van hierdie jaar.

Die bankrekening is maar leeg en ons vertrou lidorganisasies sal nog voor die einde van Desember kan inbetaal.

Elke lidorganisasie het reeds ‘n faktuur ontvang.

‘n 3-G-wens:

Groetnis
Geseënde Kersfees
Grootse nuwejaar!

Dr Botha van Aarde